

6 September

Skrifgedeelte: Psalm 59
Fokusgedeelte: Psalm 59:8, 13, 17, 18

Beantwoord vals getuienis teen jou op 'n verrassende manier

Die Psalmdigter, Dawid, is in ontsettende groot nood. Heelwaarskynlik is dit Saul se manne wat sy blyplek omsingel en hom wil doodmaak. Hy noem hulle later in die psalm heidene. Dawid besef hy kan niks teen hulle doen nie. Al is hy onskuldig, beskuldig hulle hom vals. In die 1933/53-vertaling word hulle valse woorde swaarde genoem (vs 8). Hulle woorde steek diep in sy binneste. Hulle woorde is soos 'n stroom sonde wat uit hulle mond kom. Hulle vervloek en vloek hom en vertel leuens oor hom. Meer nog, hulle wil hom regtig doodmaak.

Daarom vlug hy na die Here in sy gebed. Hy gaan kruip as't ware by die Here weg. Hy roep: "Red my van my vyande, o God." Want teenoor die vyand se mag is die Here se almag. Daarom lag die Here die vyande uit. Die digter bid dat die Here hulle langsaam sal straf en hulle so tot besinning bring. Hulle wreedheid in die valse getuienis en hulle dade kan vergelyk word met honde wat grommend in die stad rondloop op soek na iets om te verslind. Daarom moet die Here hulle vernietig.

Hoekom ervaar gelowiges dikwels dat ander mense valse getuienis en liegstories oor hulle vertel? Wat moet ons maak as ons so beskind word? Die grootste leuens is rondom die verhoor en kruisiging van Jesus vertel. Die Jode lei 'n verraderlike verhoor en Pilatus veroordeel die Onskuldige. Ons voel as't ware die rimpeling van wat Jesus moes deurmaak wanneer valse stories en getuienis oor ons agteraf vertel word.

Hoe reageer Dawid? Hy vlug na God, maak sy angste by God bekend en dan kry hy soveel vrede dat hy God loof. In plaas van om self oor te gaan om met sy mond steke, soos met 'n swaard, uit te deel, sing hy van God se mag en jubel hy oor God se beskerming. Ons kan ook so reageer!

Sing: Psalm 91:1, 2 (2001)

Prof. BJ de Klerk (Emeritus)